# Gesels saam

## VOORSKOOL

## WELKOM

Pak stoele uit sodat dit soos die sitplekke in 'n bus of 'n vliegtuig lyk. Speel 'n vinnige speletjie waar julle maak asof julle by die vensters uitkyk en 'n klomp interessante dinge sien: een van die maatjies se huise, die kleuters se skooltjie, 'n winkel, en so meer.

## WONDER

Vertel die storie van Johannes 14:1-14 vir die kleuters. Hier is 'n voorbeeld van hoe die storie vertel kan word:

*Jesus wys vir ons die pad:* Jesus het vir die dissipels gesê: "Julle moenie bekommerd wees nie! Julle ken die pad na God toe omdat julle in My en in God glo. Daar is vir almal plek by God."

*Jesus is self die pad:* Maar Thomas was bekommerd en het gesê: "Here, ons ken nie die pad nie!" Jesus sê toe vir hom: "Thomas, jy ken vir Mý. As jy Mý ken, ken jy die pad, want Ek ís die pad."

*Ons word herinner om op die pad te bly:* Filippus was ook bekommerd en sê: "Here, hoe kan ons vir God ken?" Jesus sê toe vir hom: "Filippus, Ek was nou al 'n lang tyd saam met julle. Jy ken My. Jy moet onthou: As jy My ken, ken jy vir God. En wanneer julle bid, sal Ek julle antwoord, want julle behoort aan My."

*Opsioneel:* Kyk 'n video oor hierdie Bybelgedeelte saam, byvoorbeeld: **https://www.youtube.com/watch?v=5Gzf0kpzYa0 (https://www.youtube.com/watch?v=5Gzf0kpzYa0)**. Google "Jesus is the way the truth and the life video for kids" vir soortgelyke video's.

## WEES

Gee vir elke kleuter 'n afskrif van die hulpmiddel "Jesus is die pad na God". Sê dan vir hulle: "Jesus het gesê: 'Ek is die weg (die pad) en die waarheid en die lewe. As julle My ken, ken julle ook die Vader.'" Laat die kleuters dan die pad vanaf Jesus na God vind.

*Opsioneel:* Pak vooraf 'n paar verskillende roetes oor die terrein of in die lokaal (as daar genoeg spasie is). Gebruik voete of pyle wat uit verskillende kleure papier geknip is om die verskillende paaie aan te dui. Aan die einde van die een pad kan daar staan: Doodloopstraat. Aan die einde van die tweede pad kan daar staan: Jesus se pad. Jy kan selfs aan die einde van hierdie pad vir elkeen 'n klein bederfie gee of saam met hulle 'n dansie doen om te vier dat julle die regte pad gevolg het.

## WEGSTUUR

Leer vir die kleuters die woorde van Johannes 14:6: Jesus is die weg en die waarheid en die lewe. Moedig hulle aan om dit vir hulle huismense op te sê. Julle kan selfs bewegings uitdink.